Desember 2024

# EERSTEJAARSORIËNG EN INLIGTING: NAUURSE FONTIES

Beste Student

Baie welkom by Akademia! Akademia is gereed om jou in 2025 te ondersteun, sodat ons ook saam met jou kan werk aan jou sukses en die voltooiing van jou studie.

## 1. DIE SPENS

Jy behoort reeds toegang na die Spens (studenteleer- en ondersteuningstelsel) vir 2025 te ontvang het.

Die Spens beskik oor maar is nie beperk tot die volgende portale en afdelings nie:

### 1.1 Geregistreerde modules (beskikbaar vanaf 5 Februarie 2025)

Al jou modules waarvoor jy goedgekeur is en op jou registrasiebrief aangedui is, word gelys op die Spens en hier verkry jy toegang tot onder andere akademiese materiaal, begeleidingsgidse, assesserings, ens. Dosente hanteer die moduleafdelings. Semester 2-modules sal nog nie beskikbaar wees nie.

### 1.2 Kuns van Studentwees-module

Met registrasie verkry jy ook toegang tot hierdie module. Die module is daar om jou te help met die tipe akademiese vaardighede wat nodig is om suksesvol aan Akademia te studeer. Daar sal van jou verwag word om ten minste deur die twee modules “Voorbereiding tot die akademiese jaar” en “Akademiese Integriteit” te werk voordat jou klasse in Februarie begin. Daar is ook nog verdere modules in die verband op die Spens beskikbaar wat waarde sal toevoeg tot jou voorbereiding en benadering tot jou akademiese loopbaan

## 1.3 Programstudenteportaal (Akademici)

Hier sal jy programinligting vind, bv. interessante feite, belangrike inligting en/of kennisgewings van departementshoofde/programkoördineerders af.

## 1.4 Administrasie 2025-portaal

Die Administrasie 2025-Spens is ŉ blad waar daar deurlopend met die student belangrike inligting gedeel word soos wat die akademiese jaar vorder, dit sluit in maar is nie beperk nie tot klas- en assesseringsrooster, beleide en grieweprosedures, reëls en regulasies vir die assesserings, studente gebruikersgidse en nog vele meer.

## 1.5 Studente-e-posadresse

Studente ontvang ŉ unieke Akademia-studente-e-posadres (Microsoft 365). Hierdie e-pos adres moet asseblief noukeurig en gereeld gemonitor moet word. Kommunikasie wat na hierdie e-posadres gestuur word, sluit in jou puntestaat, eksamenbriewe en enige ander kommunikasie wat op die individu van toepassing is.

Besoek die Studenteportaal (Akademia-webblad) vir die Portaalgids, wat verduidelik hoe jy jou e-pos adres kan aktiveer.

Belangrik om van kennis te neem: Studente se Akademia-e-pos adres vorm nie deel van jou Spens profiel nie en is twee aparte platforms.

## 1.6. Biblioteek- en Studentesake-portale

Wees op die uitkyk vir hierdie portale op die Spens wat ook verdere ondersteuning op jou studiereis bied.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

**2. EERSTEJAARSORIËNTERING (’n Volledige program sal nog gestuur word)**

**’n Sessie met betrekking tot jou PROGRAMORIËNTERING sal op die Spens met jou gekommunikeer word deur jou programkoördineerder.**

| **AKADEMIESE ORIËNTERING: SATERDAG 8 FEBRUARIE 2025** | |
|---|---|
| 08:00 – 14:00 | **<u>AKADEMIA-SENTRUMS</u>**<br>**(E-leerstudente skakel deur middel van Teams in)**<br><br>**<u>Sentrums:</u>**<br>**Bloemfontein, Centurion, George, Paarl en Pretoria-Moot. Besoek Akademia se webblad vir die sentrum se adresse.** |
| | **<u>Wat gebeur op die dag?</u>**<br>**Oriëntering in terme van jou studiereis, wat insluit die leer bestuurstelsel, belangrike dokumentasie, studente-aksies en die aanlyn biblioteek. Tydens die sessie is daar Akademia-personeel teenwoordig in die sentrum om jou by te staan met enige navrae. Volg asseblief hierdie skakel om jou plek by die sentrum te bespreek vir hierdie opwindende geleentheid: <u>Oriëntering 8 Februarie 2025</u>** |

**Onthou asseblief om jou skootrekenaar en kragkabel saam te bring na die oriënteringsessies. Laai ook asseblief jou registrasiebrief af van die Studenteportaal en bring dit saam. Klik <u>hier</u> om jou brief af te laai.**

**Die klas- en assesseringrooster en oriënteringsbriewe is beskikbaar op die <u>Spens</u>.**

**’n Sessie met betrekking tot oriëntering rakende jou program sal op die Spens met jou gekommunikeer word deur jou programkoördineerder.**



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

## 3. KONTAKSESSIES EN ASSESSERINGS

Klasse begin Maandag 10 Februarie en is van Maandae tot Vrydae vanaf 17:30-21:30. Klasse word op Teams uitgesaai. Die sentrums is ŉ gerieflike plek om jou klas by te woon, toegerus met internet, kragopwekkers en opgeleide personeel om jou by te staan. Ons versoek dat studente wat binne ŉ radius van 50 km woon van ŉ sentrum hul klas in die gerieflike omgewing gaan bywoon. Maak seker jy het jou rooster gaan aflaai op die Spens voordat jou klasse begin.

**Assesserings** word geskryf by die sentrum vir studente binne ŉ radius van 50 km van die sentrum. Studente wat vêr bly en by hul huis die assessering aflê moet deeglik kennis dra van die Proctorio-reëls op die Spens.

## 4. WIZE BOOKS

Wize Books is ŉ onafhanklike diensverskaffer wat onderneem het om Akademia-studente te ondersteun in die verkryging van hulle handboeke.

Jy sal in **Januarie 2025** ŉ e-pos van hulle af ontvang wat ŉ skakel bevat en wat jou direk na die pasgemaakte versameling voorgeskrewe handboeke sal neem vir die modules waarvoor jy geregistreer het. Jy sal nie jou handboeke by Wize Books kan aankoop indien jy nie hierdie skakel gebruik nie. Jy kan navrae rig aan Wize Books deur die volgende kanale: e-pos: navrae@akademiaboeke.co.za | kontaknommer: 012 362 5885.

Let asseblief dat Akademia geen navrae ten opsigte van die aankoop van handboeke deur hierdie platform kan antwoord nie; neem dit direk op met Wize Books.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

## 5. NAVRAE

Studente kan navrae deur middel van die volgende platforms stuur. Gebruik jou studente-e-posadres (Microsoft 365) vir e-poskommunikasie aan Akademia.

**5.1 Administratiewe navrae:** Stuur ’n e-pos na jou program-e-posadres.

| **Program** | **Program-e-posadres** |
|---|---|
| Baccalaureus Legum (LLB) | llb@akademia.ac.za |
| BCom (Bestuursrekeningkunde) | bcombestuursrek@akademia.ac.za |
| BCom (Ekonomie en Regte) | bcomekonomie@akademia.ac.za |
| BCom (Finansiële Beplanning) | bcomfinbeplan@akademia.ac.za |
| BCom (Ondernemingsbestuur) | bcomonderneming@akademia.ac.za |
| BSocSci (Politiek, Filosofie en Ekonomie) | pfe@akademia.ac.za |
| Hoër Sertifikaat in Kantooradministrasie | hskantooradmin@akademia.ac.za |
| Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde | hsrek@akademia.ac.za |

**5.2 Onbemande e-pos-adresse**

Die volgende e-posadresse is onbeman en word nie gemonitor word nie. Navrae wat na die onderstaande e-posadresse gestuur word, sal NIE beantwoord word NIE:

admin@akademia.ac.za

admin@akademiastudente.co.za

**5.3 Akademiese navrae** (module-inhoud, deurlopende assesserings, ens.)

Stuur ’n Spens-boodskap direk aan jou dosent.

In wese is die Akademia-gemeenskap soos geen ander nie – ’n plek van ondersteuning waar ons saam kan groei en leer. Ons vertrou dat 2025 ’n baanbrekerjaar van sukses en genade sal word, waar Akademia sy studentegemeenskap verder sal help opbou en versterk. Ons sien daarna uit om elke student te verwelkom, en die Akademia-gemeenskap met



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

onbeperkte potensiaal te laat groei.

Vriendelike groete

Akademia

Akademia-hoofkantoor, Von Willichlaan 284, Centurion // 0861 222 888 // **www.akademia.ac.za**

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.